

GEBEDSRIGLYNE – DONDERDAG 15 NOVEMBER 2007

*Ons trek by ons laaste dag! Baie dankie dat jy deur die hele verloop van hierdie vergadering getrou vir ons intree. Daar is natuurlik ook nog steeds kans om vir oulaas enige terugvoer per SMS vir my te stuur by **083 400 1556**.*

*Die teks waarop ons Donderdag fokus, is **Johannes 4:28-30**. Jy kan gerus saam met ons daarna kyk.*

Laat U Naam geheilig word

Spandeer 'n paar minute aan gebed vir die heiliging van God se Naam in en deur die Sinodesitting en die Sinode. Bid dat God se Naam geheilig sal word in die styl en inhoud van die gesprekke, asook deur die besluite wat geneem word.

Laat U koninkryk kom

- † Bid dat die besluite en die Sinode se werksaamhede sal bydra tot die uitbrei en koms van God se koninkryk.
- † Bid vir wysheid vir al die persone wat as groepleiers optree.
- † Bid vir die Luisterspan. Hulle moet ons help om ons fokuspunte vir die volgende vier jaar te identifiseer. *Bid dat die sake op ons tafel dié sal wees wat die Here vir ons wil.*
- † Bid vir ds. Jaco Putter, wat as pastor optree tydens die sinodesitting. Bid vir die Here se seën op alle gesprekke wat hy voer.
- † Bid vir die Liturgiespan. Ons sluit Donderdag se vergadering af met 'n liefdesmaal. Bid ook hiervoor, dat dit 'n ware bevestiging van ons eenheid en verbintenis aan mekaar sal wees.
- † Donderdag gesels ons spesifiek oor *Strategiese Bestuur*, soos byvoorbeeld Finansies, Kerkordelike sake, Argief e.d.m. Bid dat ons ook in die bestuursake met erns na die Here se wil sal soek.
- † Die Sinodale Kommissie vergader net na die afsluiting van die Sinodesitting. Die doel hiervan is hoofsaaklik die goedkeuring van die laaste notule en om Netwerkbestuurders aan te wys. Bid vir hierdie vergadering en vir die keuse van leiers.
- † TERUGVOER WOENSDAG (*ek neem die vrymoedigheid om julle te vra om nie net vir die vergadering te bid nie, maar ook vir sekere sake waaroor ons besluite geneem of gepraat het*):
 - Ons het gesels oor klein gemeentes en besluit: “Die Sinode roep alle gemeentes op tot voorbidding vir die posisie en eiesoortige behoeftes van **klein gemeentes**. Die sinode is oortuig dat gemeentes nie moet fokus op oorlewing nie, maar

hulself moet oopstel om te vra hoe God deur hulle na die gemeenskap wil uitreik om Sy genesing en herstel te bring.” Bid asb. vir die klein gemeentes in ons sinodale gebied.

- Nog ’n besluit wat geneem is: “Die Sinode versoek gemeentes om gereeld voorbidding te doen vir **dosente aan kweekskole** wat in hierdie moeilike tye die groot opdrag het om ons studente in die gesonde Gereformeerde leer op te lei.” Bid vir alle teologie-dosente.
- Die Sinode versoek ook gemeentes om deurlopend voorbidding te doen met die oog op SA se **misdaadsituasie**, waarby spesiaal gebid sal word vir die misdadigers, die slagoffers van misdaad en al die veiligheidsdienste.
- Veneto Keyter het vertel dat ’n vriend van hom op ’n sendinguitreik in **Zimbabwe** is. Daar was vir die afgelope twee dae geen water nie, geen brandstof, winkelrakke is leeg, elektrisiteit slegs van 22:00-06:00. Ons het kennis geneem van die probleme in ons pragtige buurland en het in gebed vir hulle ingetree. Bid asb. saam met ons vir Zimbabwe.
- Geo de Kock van **Feba-Radio SA** het gevra dat ons ook vir hulle besondere werk bid.

Laat U wil geskied

- † Bid vir wysheid vir elke afgevaardigde. Bid dat ons sensitief sal wees vir die leiding van die Gees en werklik God se wil sal onderskei.
- † Bid dat God se wil sal geskied in alles wat gedoen word en elke besluit wat geneem word.
- † Vir die verloop van die Sinodesitting het ons elke dag gefokus op die waardes van die Luisterseisoen: *Deernis, Openheid, Vertroue en Leerbaarheid*. Bid dat die Here deur sy Gees hierdie waardes in ons sal laat groei en dat dit al ons gesprekke en werk sal kenmerk.

Gee ons vandag ons daaglikse brood

- † Ons vra weer voorbidding vir spesifieke persone en sake uit ons sinodale gebied:
 - Ds Gerald Ehlers wag vir ’n hartomleiding-operasie.
 - Daar is wegholbrande in die Kouga.
 - Ds Frans Stapelberg is Dinsdag-aand op die ouderdom van 46 oorlede (sien ook die eNuus). Bid vir sy familie, veral sy vrou en kinders, waarvan een op universiteit, een in graad 11 en een in graad 1 is.

- Ds Manie Crause se dogter Marlein is ontslaan. Hulle kon die oorsake van haar ongesteldheid vasstel en daaraan aandag gee. Sy is gevolglik nou buite gevaar.
- ‡ Ons het Woensdag kennis geneem van die Here se seën op ons Sinode se finansies en die Here in gebed daarvoor gedank. Dank die Here saam met ons vir die groei wat Hy op hierdie gebied gebring het. Bid vir Jan Viljoen, wat as Direkteur Administrasie die finansies vir ons, saam met die Sinodale Kommissie, moet bestuur.
- ‡ Bid vir 'n veilige terugreis vir alle afgevaardigdes.

Vergeef ons ons oortredinge

Bid vir vergifnis waar ons moontlik ongehoorsaam was aan God. Moenie te vinnig hieroor gaan nie, wag op God om aan jou duidelik te maak of daar iets is wat jy dalk moet bely.

Laat ons nie in die versoeking kom nie

Bid spesifiek dat God ons sal waaksaam maak teen enige vorm van versoeking. Bid ook vir verlossing van die houvas en verblinding van die Bose.

Aan u behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid.

Spandeer die tyd om net God se grootheid te erken, Hom te loof en te prys vir wie Hy is.

Nogmaals baie dankie!

Met seënwense

Rethie van Niekerk